# HOOFSTUK 6

# SLOT: GEVOLGTREKKINGS

## 6.1 Moontlike verspreiding van die Bantoe in Transvaal aan die einde van die Difaqane (1834 - 1836)

Teen 1836, tydens die trek van Blanke boere uit die suide na die Difaqanegeteisterde binneland, was die Difaqanegebeure grootliks gestabiliseer. Enkele prominente figure, soos Mzilikaze, in die huidige Noord- en Wes-Transvaal, Dingaan in Noord-Natal, Tshwane in Noord- en Wes-Vrystaat, Moshesh in die Suid- en Oos-Vrystaat en Soshangane in Oos-Transvaal, het die toneel oorheers. Let wel, wat hier bedoel word met "stabiliseer" is dat die kleiner stameenhede, statjies, krale en wyke se inwoners of gevlug het, of uitgemoor, of geassimileer is by groter eenhede. Die rondtrekkende groepe was nou nie meer aktief met plundertogte, roof, moord en die afbrand van krale nie. Enersyds omdat hul mag grootliks by Dithakong verbreek is, en andersyds omdat daar nie meer prooi te vinde was nie.

´n Verdere moontlike rede was dat genoemde figure ´n groot mate van kontrole uitgeoefen het oor die gebiede waaroor hulle gesag uitgeoefen het, en dus dempend ingewerk het op moontlike plundertogte. So het Mzilikaze herhaaldelik ´n demper geplaas op die strooftogte van die Griekwas en Barolongs op sy eie vee. (Kyk 4.3.6.)

Die karakters wat beduidende invloedsfere beheer het, was:

### 6.1.1 Mzilikaze

Mzilikaze, met sy militêre setels in die Maricodistrik, het met sy onderwerping-cum-assimilasieveldtogte die Tswana in Wes-Transvaal, Botswana en Noordwes-Kaap onderdruk, onderwerp en geassimileer.

Net soos Ngunigroepe voor Tsjaka uitgevlug het, om skuiling in die Drakensberge te soek, so het verskeie Tswanagroepe voor Mzilikaze se imperialisme die wyk geneem, en die digbegroeide hange van die Khurutshuanirante, die ruie walle van die Molopo- en Maricoriviere, en die yl bewoonde Kalahari het toevlugsoorde vir die vlugtendes geword:

> "En route to the north Smith passes several villages of Tswana subjects of Mzilikaze and ´Poor Bechuana´ who, though technically not under the Ndbele occupied land at his sufference. They appeared to Smith to be most miserable and in poor spirits ... (and) ... are ordered like dogs ..." (Lye, 1975:264).

Enkele Tswanastamme, op die periferie van die Matabele-invloedsgebied, het hul tradisionele stamgebiede bly bewoon, ten spyte van sporadiese invalle deur die nomadiese stropers of groepe wat skuiling of asiel gesoek het. Lye (1975:192) dui die Bathlaping, Batlharwa en Bakgalagadi as tipiese voorbeelde aan van stamme wat direkte beïnvloeding vrygespring het.

6.1.2 Dingaan

Dingaan het die Noord-Natalse toneel oorheers, en by tye ekspedisies uitgestuur om sy dominansie oor die gebied te bewys. So is strafekspedisies ook teen Mzilikazi uitgestuur (kyk 4.3), dog geen direkte invloed het vanaf die despoot uitgegaan na die inwoners van die Hoëveldgebiede nie.

6.1.3 Moshesh

Moshesh het Mantatese en Sekonyela langs die Caledonrivier in toom gehou. Baie voortvlugtende Batswana-stamme is binne sy invloedsfeer gevestig, veral te Thaba Nchu.

Die Batlokwa, toe gevestig te Jalwabogolo en Kowaneng het, ten spyte van die sporadiese strooptogte, ´n relatief lae profiel ten opsigte van die Difaqanegebeure gehandhaaf. Oorsaaklik gesien was dit die resultaat van:

* uitmergeling na die rondtrekkery, aanvalle, honger en blootstelling;
* die mislukte aanvalle teen Butha-Buthe;
* die groeiende mag wat Moshesh besig was om op te bou en
* die invloed van die Wesleyaanse sendelinge wat sedert 1835 onder die Batlokwa gewerk het. (Lye, 1975:195.)

Die mag van die Hlubi is gebreek deur kol. Somerset. Die Ngwanegroepe wat nie deur die Hlubi verslaaf is nie, het verstrooi in klein groepies in die bosruie klowe van die Maluti en Drakensberge gewoon of is geassimileer deur die Basotho.

### 6.1.4 Soshangana

Soshangana het die Tsonga reeds onderwerp en die Noordoos-Transvaalse gebied gedomineer.

## 6.2 Woongebiede van Hoëveldse Swart stamme en volke tydens die Groot Trek-periode

´n Volledige beeld van die volkereverspreiding in Suider-Afrika, aan die einde van die Difaqane, kan nie met wetenskaplike korrektheid bepaal word nie. Gevolgtrekkinge gemaak uit geskrifte bied in breë trekke die waarskynlikste vestigingspunte van die meeste Swart volkere soos volg:

i) Die Shangana-Tsonga het onder Soshangana die gebied tussen die Olifants- en die Levuburiviere bewoon.

ii) Die Venda het die oostelike hange van die Soutpansberge, die Magatoberge en die noordelike Laeveld tot by die Limpoporivier bewoon.

iii) Die Bapedi het in kleiner stameenhede die gebied tussen die bolope van die Olifantsrivier teen die hange van die Strydpoortberge tot by die bolope van die Magolakwenrivier bewoon.

iv) Vir die Tswana was die tydperk 1820 tot 1837 ´n tyd van woelinge, onrus, vrees, spanning, agterdog, hongersnood, kannibalisme, disintegrering en geen stabiliteit nie. Die Difaqane het vir die Tswana langer geduur as vir die ander Swart stamme en volke daar hulle nie net die eerste skokgolwe, wat deur Sebetwane, Moletsane en Tshwane gebring is, moes absorbeer nie, maar ook die verdere verslawing van Mzilikaze moes deurmaak. Dus was hul nie net uit hul normale lewenspatroon geruk nie, maar ook verstrooi, onderwerp, verslaaf, tot krygsdiens gedwing en van alle lewensreg ontsê. (Gronum, 1986:72.)

Stamme, wyke en families het as losstaande entiteite, as onafhanklike rowerbendes mekaar onderling beroof van hul karige voedselvoorrade. Selfs menseroof is as laaste uitweg beoefen om aan die lewe te bly - menseroof nie om te verslaaf nie, maar om kannibalisme te beoefen het op groot skaal voorgekom. (Gronum, 1986:83.) Bewerking van die grond was na my mening haas onmoontlik omdat:

a) hul verblyf by ´n besondere plek onseker was - enige vyandelike groep kon te eniger tyd opdaag en hul weer verdryf;

b) enige saad wat nog bestaan het, is as voedsel verbruik, dus was daar geen saad oor om te saai nie;

c) enige vorm van grondbewerking was ´n teken van menslike teenwoordigheid, dus sou hulle hulself op die wyse verraai.

Enkele groter stamme (in sommige gevalle was dit slegs ´n konglomeraat van families uit verskillende stamme wat as stam fungeer het) het by die volgende plekke vertoef:

Pilansberg - Bakgatla baga Kgafêla

Pienaarsrivier - Bakgatla ba Mmakau

Witfonteinrand - Bakgatla ba Mosetlha,

Ander stamme wat in ´n groot mate hul stamidentiteit, ten spyte van die Difaqanewoelinge, behou het, en hul normale leefwyse na die Difaqane kon voortsit, was:

(a) Die Bahurutse
Enkele klein familie-eenhede het te Hammanskraal (Moretele) gewoon, maar die meeste Bahurutshe het die Maricodistrik verlaat. Slegs enkele groepe soos die boo Manyane en die ba ga Gôpane (Dinokana en Mosega) het as splintergroepe in die Maricogebied bly rondtrek. Die grootste groep Bahurutse het na Modimong te Taung verhuis. (Gronum, 1968:84.)

(b) Die Barolong
Tydens die verstrooiing kon drie groepe Barolong onderskei word, naamlik:

* Die stabiele groepe, wat relatief min geraak is deur die Difaqane, of die aanslae kon afslaan en hul stamgebied behou het, soos byvoorbeeld die Barolong boo Rratlou boo Mariba wat te Setlagole gewoon het. Hulle het daarin geslaag om eers Sebetwane se Bafokeng en later die Maphuting af te slaan. (Breutz, 1968:33.)

* Die Barolong wat die aanslae nie kon weerstaan nie, en moes vlug, was onder andere die Barolong boo Rratlou boo Setshirô. Vanaf Setlagole en Khunwana is hul eers deur die Bahurutse, toe die Bataung, en laastens deur die Matabele verdryf.

* Die verslane stamme, waarvan slegs enkelinge oorgebly het, was hoofsaaklik te Platberg, naby Warrenton, te vinde. Hulle het stelselmatig by groter eenhede aangesluit, en met hulle geassimileer.

(c) Die Batlhaping

Op enkele uitsonderings na het die grootste groep Batlhaping hul, na die vernietiging van Dithakong, te Taung gaan vestig. (Breutz, 1968:41.)

(d) Die Bakwêna

´n Interessante profesie, volgens Coertze, wat Thethe, ´n Bafokengkaptein voor sy dood aan sy moordenaars gemaak het, was tiperend van die geskiedenis van nie net die Bafokeng nie, maar ook van hul buurstamme, die Bakgatla en die Bakwêna. Hy het gesê: "Eers sal daar rooi miere kom om julle aan te val; daarna swart miere wat julle sal verwoes. Ten laaste sal daar geel miere kom en ´n dier met een (hele) spoor in die turfgrond (d.i. ´n ongesplete hoef)" (Coertze, 1971:41.)

Dus:

* die rooi miere verteenwoordig die rooi, okerbesmeerde Bapedi;
* die swart miere die Matabele en
* die geel miere die Blankes wat op perde ry.

Die Bakwêna is deur onderlinge stamtwis reeds in onrus gedompel met die aankoms van die Matabele. (Breutz, 1953 (a):17.) Die stand van Kwêna-"dikgoro" (takke) het teen die einde van die Difaqane soos volg daar uitgesien:

* Hlakwana, Modibeni en Mogorosi-afsplinteringe het hul in die huidige Lesotho-gebied bevind. (Shapera, 1946:35.)

* Die Bakwêna ba Mogôpa het in verspreide groepies gewoon tussen die Krokodilrivier, die Apiesrivier en die Magaliesberg. Hierdie verstrooiing het gevolg nadat die Bakwenakaptein, More, en sy erfopvolger, Segwati deur Mzilikaze vermoor is. (Harris, 1963:158; Wallis, 1945:8.) Ook het ´n splintergroep onder Molefe uitgewyk na Pietersburg en onder Mogajane na die Elandsrivier (Rustenburg) verhuis. (Feddema, 1972:7.)

* Die Bakwêna ba Modimosana het versplinter en een "kgoro" het uitgewyk na die Vredefortomgewing in die Vrystaat, een na Boshoek (Potcheftroom), ´n derde "kgoro" het na Syferfontein (Ventersdorp) gevlug, en ´n vierde groep het onder Maseloane in Gatsrand (Potchefstroom) skuiling teen Mzilikaze se Matabele gesoek. (Breutz,1953(b):145.)

(e) Die Bakgatla

Van die volgende Bakgatlagroep kan rekenskap gegee word:

* Die Bakgatla ba ga Kgafêla het, na Sebetwane se aanvalle, verstrooi geraak (Schapera, 1941:3 - 4), en onder Pilane te Pilansbergomgewing weer versamel. Hulle is egter nie aanvanklik deur Mzilikaze verstrooi nie, slegs onderwerp en belastingpligtig gemaak. Dog, nadat Pilane in 1831 die hulp van die Griekwa, Barend Barends, verkry het om die Matabele aan te val, is sy statte verwoes en sy vee as oorlogsbuit geneem. Pilane en sy volgelinge vlug toe na die Soutpansberge, waarvandaan hy na 1837 terugkeer. (Kirby, 1999:382.)

(f) Los groepe

Onder die aansporing van Archbell en Edwards het groot groepe Swartes sonder stamverbintenis na Thaba Nchu verskuif. Later egter het vele stamme na hul oorspronklike tradisionele gebiede teruggekeer met die goedkeuring van Voortrekkerleiers.

(g) Barolong boo Rratlou

Die Barolong boo Rratlou het tydens die strafekspedisies deur Hendrik Potgieter teen Mzilikaze hulp en steun verleen. As beloning het Potgieter grond noord van die Vaalrivier, aan hulle belowe. Hul keer terug na Khunwana en Setlagole.

(h) Barolong boo Rrapulana

Vanaf Rietspruit (± 30 km. van Klerksdorp) vlug hulle na Thaba Nchu onder leiding van Motlabe (Machavi) en verleen ook soldatehulp aan

Potgieter. Na die verdrywing van Mzilikaze, keer hul terug, dog swerf in die verre Wes-Transvaal rond. In 1875 word hul finaal deur die Blanke regering van die Z.A.R. te Polfontein (Lichtenburgdistrik) hervestig.

(i) Barolong boo Selêka

Hulle is oorspronklik van Klerksdorpdistrik. Die Bafokeng en Maphuting verdryf hulle tot by Platberg. Vandaar versit hulle na Thaba Nchu waar hulle nog steeds woon.

(j) Barolong boo Rratshidi

Hierdie groep is onder die opskrif "Tawane" volledig bespreek, dog na die Difaqane is die nasate van die rampgeteisterde Rratshidi te vinde te Thaba Nchu wat van Moshesh geruil is vir agt beeste, vier en dertig skape en vyf bokke. (Maritz, 1976:218.) In 1847, toe die Difaqane finaal beëindig is, keer Tawana terug na die Mafekingomgewing.

(k) Die Bahurutshe boo Manyane

Hierdie groep het hulle na die Difaqane te Borutwe (Mangopestasie) bevind. Met die vestiging van die Blankes in die gebied het die Boere van Manyane-arbeiders op kontrakbasis op hul plase gebruik gemaak. Mangope, hul kaptein, weier en verhuis hierna met sy stam na Dimawe in Botswana. (Maritz, 1976:239.)

(l) Bahurutshe ba ga Gôpane

Hul oorspronklike woonplekke, Dinokana, Mosega, Tshwenyane (hoofstat) en Kaditshwêne is gedeeltelik ontruim met die aanvalle deur Sebetwane, en volledig ontruim en verwoes deur die Matabele. Die Gôpane-seksie is totaal deur die Matabele verstrooi.

Tydens die Negedaagse slag het Moilwa voetsoldate aan Potgieter verskaf, en is ´n gedeelte van hul ou woongebied as beloning vir hul hulp aan hul teruggegee.



FOTO 16

Pres. S.J.P. Kruger, genl. Piet Joubert en manskappe tydens die vredesluiting met Ikalafeng.

# President Kruger op Zeerust

Die portret van President Paul Kruger
Gekry van Kato Jacobs 8. 11. 58 Hy leen
dit vir my. Ek moet dit laat afpas en weer
aan hom terug gee – Dis is afdruk, die
oorspronklike een was oot sy ne. ~~H~~
Mnr Humlen het dit van hom geneem om
afdrukke plaat maak en Humlen ~~moet~~
moes dit weer aan hom terug besorg
Maar dis nog nie terug versorg nie.
Die Groep soos van links af sigbaar
1 wat op links in wit staan is Ou Mnr
Barry 'n Landmeter –
2. J. G Jacobs Veldkornet Gewoon op
Bloemfontein Boesveld.
3 Is nog onbekend.
4. Koos Snyman. (Koos Hammerkop)
5 Komdt. J. D. L. Botha (Komdt van die Dist Marico
6. Mnr Tom Hutten toendertyd Klerk in
Reid se winkel.
7 Onbekend.
8 onbekend.
9 Vermoedelik Gual Zeubert.
10 Pres. Paul Kruger.

Die oorspronklike portret was deur Tom
Hutten aan Kato Jacobs gegee waar

Hul keer terug na die Maricodistrik om Dinokana as hoofsetel te vestig. In 1881 het inter-stamoorloë uitgebreek wat veroorsaak is deur grondtwis tussen die Ba Gopane en die Boo Manyane. Ikalafêng ("Kalvyn" genoem deur die Boere), kaptein van die Gôpane-Hurutshe, is deur die Barolong boo Rratshide om hulp gevra teen die Rratlou Rolong. In die hitte van hierdie oorlog het Ikalafêng en sy Ba Gapane in opstand gekom teen die Blanke owerheid. Hiertydens is Blanke boere vermoor, hul vee gesteel, en Ikalafêng het in gebreke gebly om aan die Z.A.R. belastings oor te dra. *1. Genl. Piet Joubert en die manskappe van die Rustenburg-Zeerust Veldkornetskappe, het die opstande onderdruk. (Gronum, 1986:158.)
Die verdrag wat hierna gesluit is tussen pres. S.J.P. Kruger en Ikalafêng het bepaal dat:

i) Die verskansing wat rondom Powêheuwel opgerig is, afgebreek moet word, en op ´n klipstapel gegooi moet word as bewys van die ooreenkoms, *2 en

ii) ´n boete van R3 600 aan die ZAR oorbetaal moes word vir agterstallige belasting en oorlogskuld.

C.F. Gronum (1953 - 1975) het verhaal dat pres. Paul Kruger aan die Bahurutshe sou gesê het: "Die bors van jou moeder (ZAR) wat jou gevoed het, het jy stukkend gebyt!"

----------

*1. Die interessante nagevolge van die grondtwis tussen die Ba Gopane en die Boo Manyane, is dat daar tot vandag toe 'n draadheining gespan is tussen die twee stamme om die felle stryd tussen die twee groepe te illustreer. (Eie waarneming.) (Motswedi bo Rakalalo.)

*2. Die gedenkteken het die Bahurutse altyd bly herinner aan hul nederlaag en ontrou aan hul weldoener. Dit is uitgewys deur Gronum aan etlike persone - tans afgebreek.)

(m) Bahurutshe boo Mokgatla

Die laaste groep Bahurutse, naamlik die Bahurutshe boo Mokgatlha is vandag aan te tref te Koffiekraal in die Maricodistrik. (Maritz, 1976:242.)

6.3 Akkulturatiewe gevolge van die koms van die Blankes en beëindiging van die Difaqane

Die koms van die Blanke het vir die Swarte moontlik meer voordeel ingehou wat sy voortbestaan en stabiliteit betref as andersom, omdat die Blanke die elemente wat gevaar ingehou het vir die voortbestaan van die Swart stamme geëlimineer het.

Voorbeelde hiervan is dat:

* ´n einde gemaak is aan die destabiliserende invloede van die Matabele en Zoeloe;
* dit vir die Swarte moontlik gemaak is om terug te keer na sy tradisionele tuiste - so het die Bahurutse boo Manyane teruggekeer na Motswedi (Breutz, 1953(b):97), Moilwa na Pôwe in 1850, en Lentswe na Koffiekraal. Ook die Bakgatla het fragmentaries teruggekeer, byvoorbeeld die Baga Mosetla na Moretelê (Van Warmelo, 1944:11), die Kgafela na Pilansberg (Schapera, 1941:8) en Motlabe na Potchefstroom (Maritz, 1976:311). Hierdie is enkele voorbeelde van die groot hoeveelheid Bantoe wat na die verwoesting teruggekeer het na woonplekke omdat die Blankes stabiliteit geskep het.

* Tydens die stabilisering kon die Swartes ´n nuwe begin maak en sosiaal-maatskaplike en ekonomiese gebruike hervat. So kon die erfopvolging, waar die linie nie vernietig is nie, weer normaal voortgaan. So byvoorbeeld is Moilwa opgevolg deur Sebogodi oor die Bahurutse ba ga Moilwa. Ook het die "bogwera" weer sy normale plek in die stambedrywighede gekry en kon seuns "manne" word om volgens stamtradisie te trou en sy plek in die "pitso" in te neem.

* Die Blanke het nuwe verskynsels met hom saamgedra wat die Swarte akkulturatief beïnvloed het om aanpassings in sy kultuur te maak.

Die Tswana het nooit werklik teruggekeer na die tradisionele ekonomiese leefwyse nie - die herstel tot die oorspronklike het nooit volkome plaasgevind nie. Die rede is voor-die-hand-liggend omdat:

(a) die Blanke se ekonomie die Batswana in sy eie ekonomiese stelsel, naamlik die kapitalistiese stelsel opgeneem en stelselmatig daarin geakkommodeer het;

(b) die Batswana die gebruiksartikels en ekonomiese stelsel van die Blanke onmiddellik aanvaar en gedeeltelik tot sy eie verwerk het;

(c) die ekonomiese stelsel van die Blanke op ´n eenvoudige kommoditeit, naamlik geldeenhede berus het, en die Batswana daarin opgeneem is deur sy arbeidskrag te verruil vir geld waarmee hy van die Blanke se gebruiksartikels koop.

(d) Die Bantoe, veral die man, het sy arbeid elders verkoop, en was dus fisies afwesig van sy tradisionele tuiste, sodat die tradisionele strukture nooit die geleentheid gehad het om te herstel of te normaliseer nie.

(e) Die Tswana het nooit werklik ekonomies herstel van die Difaqane-aanslae nie, en dit het hulle van hul bestaansekuriteit ontneem. (Van der Wateren, 1974:152.)

Nog ´n voorbeeld van verandering wat ingetree het, is die Tswana se houding teenoor grondbesit

Omdat die basiese lewensbestaan van die Tswana, net soos alle Bantoe van Suider-Afrika, afhanklik is van die opbrengs uit die grond, het grond vir hulle die kern gevorm van hul ekonomiese leefwyse, daarom is daar die idiomatiese uitdrukking: "Mmu ke mme wa otle" (Grond is die moeder van alles!) Die waarde van goeie landbougrond en weiding is vry algemeen besef, daarom die sporadiese stamgevegte oor die besit van grond. Voorbeelde hiervan is die vete tussen die Ba Gapane en die Boo

Manyane, en tussen die Bakwêna en die Bangwaketsi oor weidingsregte (kyk 5.2.1).

Van der Wateren (1980:93) stel dit dat: "Die basis vir grondbesit het sedert die kontak met die Blankes ´n geleidelike transformasie ondergaan." Die bydraende faktore vir die reeds ingetrede verandering skryf hy toe aan die feit dat:

* die Voortrekkers Mzilikaze uit die vroeë Tswanagebied verdryf het, en dus beslag op die gebiede gelê het, dit beset het en individuele besitreg oor die grond het ingetree;

* die Britse kolonialisering het die Tswana onder ´n nuwe regstelsel geplaas, en hierdie stelsel het groot dele van die grondgebiede wat die Tswana vroeër bewoon het, verbeurd verklaar;

* daar vir stamgrond, dit is grond wat aan die Tswanakapteins behoort het, en trustgrond, dit is plase wat vir die Tswana aangekoop is, in die koloniale wette voorsiening gemaak is. Dus het geld as kommoditeit ´n rol begin speel by die beskikbaarstelling van grond.

Die uitgangspunt wat in Van der Wateren se betoog na vore tree, is dat die gesindheidsverandering wat by die Tswana ingetree het, die klem laat val op "individualisering".

In die volgende paragrawe sal dit duidelik word waarom: "in volkekundige terme ... die Tswana ... in ´n kulturele spanningstoestand tussen verandering en tradisie verkeer" (Van der Wateren, 1980:94). Die spanning het ontstaan omdat grense gestel is en die permanente woongebiede lynreg in stryd is met die Tswanaopvatting dat grond na willekeur, soos omstandighede dit vereis, geneem of verlaat kan word. (Van Zyl, 1958:140.)

Op vergelykende basis kan die veranderende houding wat ten opsigte van arbeid bestaan het, hier geskets word:

(a) Die vrou was tradisioneel die landbou-arbeider, die een verantwoordelik vir die voorsiening van die voedselbehoeftes van haar gesin. Die stukkie land wat aan haar toevertrou is, is jaarliks bewerk (met ´n soort skoffelpik, genoem "magoma".) Daar is geplant, geoes, gestoor en tot voedsel verwerk.

Die man, verantwoordelik vir die versorging van die vee, het in weinig gevalle by die landerye uitgekom of hom in bestuurshoedanigheid daarmee bemoei. Dus was daar tradisioneel ´n duidelike arbeidsverdeling, gebaseer op geslagsverskille. "Tans het daar ´n verandering ... ingetree, byvoorbeeld in die geval van gesinsboerdery, waar die man in ´n mate deur die vrou vervang is" (Van der Wateren, 1980:95). Want sy is nou deur omstandighede ook by die besluitnemingsproses betrek.

(b) Die Blanke het gekom met ´n ander beskouing van die landbou, met ander gereedskap en gebruike. Die Swartes het daarvan oorgeneem, en gevolglik van die tradisionele gebruike laat vaar, en het akkulturatiewe ingrype ingetree:

i) Die ploeg het die pik ("mogoma") vervang;

ii) Die osse moes die ploeg trek;

iii) Die man het die landerye, dus die tradisionele wêreld van die vrou betree.

iv) Die vrou en pakosse, wat die lasdiere van die huishouding was, is vervang deur die slee, skotskar en ossewa, dus het die man ook hierdie deel van die vrou se werk oorgeneem.

v) Die dors van graan (Phota mabele ka molamo) is gedoen deur vroue wat met stokke die graan uitgeslaan het. Met die koms van die Blanke is geleer om vee te gebruik op ´n trapvloer. Dus het die man ook, deur die gebruik van vee, hierdie terrein van die vrou betree. (Motlatsi, 1985.)

Dit dien daarop gelet te word dat die man tydens sy afwesigheid die verantwoordelikheid, dog nie die versorging van die vee aan die vrou afgestaan het nie, daar die seuns die hantering behartig het.

´n Volgende vlak waar verandering ingetree het was by hul vervaardigingsektor, veral tegniese hulpmiddels en gebruiksartikels.

(a) Die metaalvervaardigingsbedryf onder die Batswana was ´n hoogs gespesialiseerde bedryf wat slegs deur enkele stamme bemeester is. Die Bahurutse was by uitstek metaalbewerkers. Te Jacobsdal (5 km. noordoos van Mosega) het die Bahurutse ba ga Gopane, voor die koms van die Matabele, uitgebreide metaalwerkplase gehad. Te Bergvliet (± 20 km. noord van Zeerust) het die Bahurutse van Sebogodi (vandag bekend as die "ba ga Lentswe") ook smelterye gehad. (Gronum, 1953 - 1975.)

Die erts is in ´n smeltoond geplaas waarin houtskool gesit is. Slawe het blaasbalke van bokvel hanteer om die hittegraad binne-in die oondjies tot die gewenste hoogte op te blaas sodat die erts kan smelt. Daarna is die vloeibare metaal in vorms gegiet om as werktuie af te koel.

Hierdie werktuie wat skoffelpikke (ploeë), spiese, byle en messe ingesluit het, is verruil vir graan, bier, vleis, beeste of bokke.

(b) Die vervaardiging van kleipotte is hoofsaaklik deur vroue uit enkele families bedryf. Sommige stamme was onafhanklik wat hul eie vervaardiging betref. Die gespesialiseerde kennis, om die regte kleimengsel en korrekte bakmetode van die potte te gebruik, is egter van geslag tot geslag oorgedra, van moeder tot dogter. Dus was dit ook ´n industrie wat redelik in die hande van spesialiste gelaat is. (Van der Wateren, 19744:50.)

(c) Die vervaardiging van bakke, eetborde, lepels, roerstokke en skepbakke was die werk van mans, en algemeen in gebruik.

(i) Tydens die Difaqane het al hierdie bedrywe tot stilstand gekom. Die metaalbewerkers is verdryf, en die smeltoonde het in onbruik geraak. Die pottebakkers moes vlug voor die aanslae van die vreemdelinge, en

die mans het die vervaardiging van huishoudelike artikels gestaak omdat hul moes veg of vlug.

(ii) Die koms van die Blanke het hierdie bedrywe grootliks laat verdwyn.

* Die "mogoma" skoffelpik-ploeg is vervang deur die osgetrekte skaarploeg. Die ystersmid is verdring deur die winkel waar die ploeg, byl, skoffelpik gekoop of geruil kon word.

* Die kleipotte (wat steeds in gebruik is) is in ´n groot mate vervang deur ander houers, kastrolle en potte uit die winkel van die Blanke;

* Die houtbakke, lepels en kalbasse word nie meer deur die gesinshoof vervaardig nie, maar met die geld, wat hy met sy arbeid verdien, gekoop.

6.4 Sosiaal-maatskaplike en politieke gevolge van die Difaqane

Verskeie euwels is gebore in die tydperk van nood. Maatskaplike wanpraktyke het ´n invloed uitgeoefen op die tradisionele lewenswyse van die Bantoe wat tydens die Difaqane gebuk moes gaan onder fisiese laste wat hul moes dra. Kannibalisme, ontruiming van woongebiede, ontwrigting, diefstalle (anders as die gewone strooptogte), moorde en doodslag, onderlinge stam-wantroue, ekonomies-materiële, politieke en godsdienstig-lewensbeskoulike terreine van die Bantoe is deur die Difaqane aangetas. Die aantasting op genoemde terreine was so geweldig dat in hierdie geval die Tswana nooit werklik herstel het daarvan nie. Ook het die Europees-Afrikaanse kultuur wat die Blanke ingedra het, bygedra tot die feit dat die Bantoe-kultuur geakkultureerd geraak het. My siening is dat die Difaqane, en die ontwrigtende gevolge daarvan, die akkulturasieproses gestimuleer het, tot so ´n mate dat vele aanpassingsprobleme ontstaan het. Die aanpassingsprobleme kan selfs deurgetrek word tot resente tye. (Van der Wateren, 1974:271/2.)

6.4.1 Kannibalisme (Antropofagie)

Hierdie maatskaplike verskynsel, kannibalisme, het sy oorsprong te wyte aan die feit dat stamme tydens die Difaqane beroof is van alle lewensmiddele, naamlik vee, graan, die reg om te ploeg (skoffel) en plant, en van beskutting. Dit is veral in die barre dele van die Republiek en die Kalahariwoestyn - waar relatief min veldkosse voorkom - waar kannibalisme hoogty gevier het. By vlugtelinggroepe in ander dele van die land, selfs in die vrugbare Natal, het kannibalisme bestaan. Hulle het veral tydens die wintermaande, wanneer veldkosse skaars is, hul tot hierdie verskynsel gewend om voedsel in die hande te kry. Dog die grootste sametrekking van kannibale was in die Oos-Vrystaatse berge en die Kalahari.

Die kannibalisme (uit fisiese hongersnood) wat tydens die Difaqane gebotvier het, moet nie beskou word as ´n universele verskynsel wat by die Bantoe bestaan het nie. Dit het as ´n geïsoleerde fase in die geskiedenis van die Bantoe voorgekom, ´n verandering in lewenswyse, gebore uit nood, gemik op oorlewing alleen. Kannibalisme word deur sommige Bantoe beoefen ten tye van rituele gebeurtenisse, maar tydens hierdie geleenthede is die slagoffer nie in sy geheel geëet nie, maar slegs dele van sy liggaam wat rituele waarde vir die gebruiker ingehou het. So is byvoorbeeld net die galblaas, die lewer, geslagsorgane en die hart gebruik. Anders as by die Melanesiërs (Albertyn, 1973:571 - deel 3) word kannibale deur die Bantoe, veral die Tswana verag as "Ma-ya-Batho" (mensvreters), (Ellenberger & Macgregor, 1969:94), en dit is dus as ´n euwel beskou. As getuie vir hierdie stelling is die feit dat die Venda, ten spyte van hul lang verblyf tussen die Noord-Sotho, nooit vermeng geraak het met die Sotho nie. Die oorsprong van hierdie skeiding is geleë in die feit dat die Venda deur die Sotho bestempel is as "kannibale", en dus het daar weinig assosiasie tussen die Sothosprekendes en die Venda plaasgevind.

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat daar ´n ambivalensie bestaan in die argument hierbo genoem, naamlik dat kannibalisme in die barre dele

hoogty gevier het. Die Bantoe, was vanweë sy tradisionele stamgebruike, nie toegerus om die probleme wat die Difaqane op sy weg gelê het, die hoof te bied nie. Kannibalisme, as die uiterste vorm van oorlewing was die weg wat gekies is ten spyte van die maatskaplike sanksie daarteen.

Die groepe wat kannibalisme beoefen het, al was dit al wyse waarvolgens hulle kon oorleef, is nie geredelik deur die ander Bantoestamme in die na-Difaqane-era aanvaar nie. Die feit dat hul voorvaders kannibalisme beoefen het, bly steeds ´n meulsteen om die nek van bestaande stamme, waarvan hul moeilik ontslae raak. ´n Voorbeeld hiervan is die Ama-Fengu (Fingoe) wat verteenwoordigend is van die Ngunisibbes wat voor Tsjaka en sy imperialisme gevlug het, in die Drakensberg skuiling gesoek het, en hul toe tot een of ander vorm van kannibalisme gewend het om te oorleef. Die Fingoe word deur die Xhosas verag en verafsku vir hul kannibalisme. Hul posisie onder die Xhosa het vanweë onderdrukking so onuithoudbaar geword dat hul die wyk moes neem. Selfs die feit dat Peddie as woongebied vir hul gegee is, het groot ongelukkigheid by die Xhosa veroorsaak, wat tot in resente tye sy neerslag vind in onderlinge afsku, wantroue en argwaan teenoor mekaar. (Soga, 1930:468.)

### 6.4.2 Ontwrigting

Ontwrigting op sosiaal-maatskaplike vlak, is veral gesetel in die ontworteling ten opsigte van statskomplekse wat die Difaqane tot gevolg gehad het. Hiermee gepaardgaande het ontwrigting met betrekking tot stamhiërargie ingetree.

Volke, stamme en wyke is uit hul tradisionele leefwyse geruk. Gedwonge verskuiwings moes gemaak word. Stameenhede is verskeur. Opvolglinies is van die res van die stam verwyder óf deur dood óf deur fisiese verwydering. Stamtwiste het ontstaan rondom die opvolgreg wat lede van die stam hulself toegeëien het. In die geval van die Bataung byvoorbeeld het die erfopvolging van die seniorlyn na ´n juniorhuis oorgegaan. (Kyk 5.2.5.)

Die ontwrigting wat die Difaqane binne die struktuur van gesinseenhede gebring het, was die grootste enkele faktor wat bygedra het tot die verkrummeling van die groter stamstrukture. Voorbeelde hiervan is die feit dat veral kinders, wat wees gelaat is deur die moorde op hul ouers, opgeneem is in vreemde stamverbande. So is menige Bakwêna, Bahurutshe en Barolongkinders opgeneem in Matabeleverband. ´n Nuwe kultuuroordrag het plaasgevind. (Dit het bygedra tot die skepping van ´n nuwe "Matabelekultuur" met ´n sterk Ngunikarakter, deurspek met Sothogebruike.) (Moffat, 1842:111.)

Kinders, uit genoemde stamme, is ook oor en weer tot mekaar se stamgeledere toegelaat. Hierdie kinders het van die Matabele gedros met die doel om by hul stamgenote aan te sluit. Dog is in weinig gevalle met hulle herenig. Hul is dan toegelaat tot die eerste beste familiegroep waarby hul uitgekom het.

Sosiale misbruike van jong Tswanavroue, en ook vroue van ander groepe, deur Matabele was aan die orde van die dag. Hoewel Mzilikaze prostitusie, verkragting of voorhuwelikse gemeenskap en die "vat" van vroue sonder die nodige "lobola/bogadi" (lewering van trougoedere) later belet het, was dit tog ´n euwel wat in die beginjare van die Difaqane plaasgevind het, en ook ´n vorm van slawerny was.

Selfs onder die Tswanastamme, wat sterk afkeure teenoor voorhuwelikse geslagsgemeenskap en geboortes gehandhaaf het, is die gebruik ingevoer van "Tlhaba kgetsi". (Dit wil sê om ´n vol sak van diervel, met ´n mes te steek, en te kyk wat daar uitvloei) omdat die mans verarm het. Hierdie gebruik is sogenaamd om die vrugbaarheid van die maagd te bepaal voordat ´n huwelik met haar aangegaan word, en dus te voorkom dat trougoedere gelewer word vir ´n onvrugbare bruid. Hierdie gebruik was taboe voor die Difaqane. ´n Jong meisie, en die skuldige man, is swaar gestraf - selfs die doodstraf is nie uitgesluit nie. (Schapera, 1971:33.)

Die beginsel van kommunalisme - kommunale grondbesit, woonplek, weiding en water het die basis gevorm vir die gedagte van "nuttig wees in diens van die stam". Lojaliteit teenoor die stamhoof, skakeling met die voorvadergeeste, en dus simbool van die stameenheid, was deel van die opvoeding van elke Tswana wat die stamskool (Bogwêra of Bojale) deurloop het. Tydens die inisiasieseremonie is van die inisiante verwag om die genealogie van die stam te ken, en die regimente, wat die horisontale sporte in stamverbintenis was, ook te ken. Die Difaqane het hierdie skakels in die stamketting ontwrig. Omdat die stamhoof of sy hele huis soms as stutpaal uitgeruk is, het die stamstruktuur verkrummel. (Bruwêr, 1963:42.)

Waar die samestellende struktuur in die Tswanastameenheid bestaan het uit gesinseenhede onder ´n familiehoof, wat saam ´n wyk of stat vorm onder ´n kaptein, en ´n groep statte of wyke die groter totaal van ´n stam onder die gesag van ´n stamhoof uitmaak, het dit grootliks verdwyn. Na die Difaqane het ander en nuwe eenhede ontstaan. Stamme soos die Barolong boo Rratlou, wat uit ´n skamele 1 500 lede na die Difaqane bestaan het uit ´n moontlike 20 000, is ´n bewys van die ontwrigtende invloed wat uitgeoefen is. Die Ratlou-Rolong en Rratshidi het aanvanklik saam ´n nuwe eenheid onder Moroka te Thaba Nchu gevorm. Moroka beteken "werk kledingstukke aanmekaar" dus verbind Moroka figuurlik die Rolongstamme. (Maritz, 1976:239.)

6.4.3 Diefstal

Die erekode van die Tswana was dat hulle: " ... would not harm, in word or deed, his tribe or its head - the chief. Even if he was a thief or a lier he would not steal from or lie to the chief. He would say and do nothing that was to the prejudice of his people" (Molema, 1920:116).

Veediefstalle en -roof, dit wil sê tot voordeel van sy eie stam en stamhoof of kaptein, het tradisioneel gereeld plaasgevind. Gesien ook in die lig van die sosiale waarde wat aan beeste geheg is deur die Bantoe in die algemeen, en die Tswana in die besonder, was

veediefstalle, hoewel dit tot stamgevegte gelei het, fyn beplan en op kundige wyse uitgevoer. Dus kan hieruit afgelei word dat diefstalle wat tot persoonlike bevoordeling gestrek het, nie deur stamgenote gesanksioneer is nie. Inter-stam diefstalle is "per se" gesanksioneer - dog was "oorlog" op beperkte skaal. (Ritter, 1962:34.)

Tydens die Difaqane, waar oorlewing so sterk op die voorgrond getree het, is alle vorme van sanksies wat teenoor diefstal bestaan het in ´n groot mate oorboord gegooi. Die Tswana, wat kenmerkend mededeelsaam, gasvry en hoflik teenoor stamgenote en vreemdelinge was, het na die Difaqane, en daartydens, ter wille van eie belang en oorlewing hierdie tradisionele gebruike verloor. Omdat elke individu vir homself, sy kinders of ouers moes sorg, het hulle van mekaar begin steel, roof, en was bereid om te moor vir ´n kriesel voedsel. ´n Ander probleem - die vervaardiging van huishoudelike artikels het feitlik totaal tot stilstand gekom tydens die Difaqane. Dus het diefstal veral te Thaba Nchu voorgekom - en dan veral diefstal van huishoudelike gebruiksartikels. Veral daar mense uit verskillende families en stamme noodgedwonge langs- en bymekaar moes woon, is op groot skaal oor en weer gesteel.

Die Difaqane het dus tot gevolg gehad dat die ou beginsel van "ons besit" verlore geraak het ten koste van ´n beginsel van "ek-besit". Dit het geskied as gevolg van die komplekse probleme wat die stryd om oorlewing met hom saamgedra het. (Schapera, 1984:40.)

6.4.4 Moorde en doodslag

Kenmerkend van enige oorlog is die doodmaak van mense ter wille van die nastrewing van ´n sekere doel.

Kenmerkend van die Bantoe is dat die suksesvolste leiers sy gesag bevestig het deur die doodmaak van indiwidue of groepe wat ´n bedreiging van een of ander aard vir sy status en posisie ingehou het, of in sy weg tot oppergesag staan. Tsjaka se halfbroer, Dingaan,

Mzilikaze en sy bevelvoerders, Kalipi, Marap en Kampu, het veral in hierdie opsig hul naam gevestig. In geval van die Difaqanetyd kan die moorde en doodslag in die volgende kategorieë ingedeel word:

i) Ter wille van ekonomiese redes, dit wil sê om vee in die hande te kry;

ii) Ter wille van magsuitbreiding en konsolidasie van gesag (Dingiswayo, Soshangane, Tsjaka en Mzilikaze);

iii) Ter wille van oorlewing; (Mantatese aan die begin van die Batlokwa se omswerwing, dieselfde geld vir Moletsane en Sebetwane. Ook kannibalisme.)

iv) In die later fase van die Difaqane, ter wille van strydgenot en bloedlus. (Sebetwane, Moletsane, Sekonyela.)

Die eerste kategorie berus op strategie, beplanning en is met voorbedagte rade uitgevoer.
Die tweede kategorie moorde, doodslag en oorlogvoering het die aanleidende oorsake verskaf tot die aanstigting van die Difaqane. Die sug na oorheersing, mag en gesag; die wil om te oorheers; die mag om te bepaal oor lewe en dood - dit was die boustene van die Difaqane. Dit het ontstaan by Dingiswayo, Zwide en Tsjaka (kyk die diagrammatiese voorstelling by hoofstuk 1) wie se sug na mag hoogty gevier het. Die Bantoe is tradisioneel tevrede met die gesag van die kaptein. Indien nie, pak hy op en vertrek na ´n gesagspersoon waar hy in rus en vrede sy daaglikse bestaanswyse kan voortsit. Die Sotho-spreekwoord is verklarend vir alle Suid-Bantoesiening met betrekking tot owerheidsgesag naamlik: "Kgosi ke kgosi ka batho!". (Die Kaptein is Kaptein deur sy/die mense!)

Maar hierdie siening van gesag het deur die afdwingende gesag wat Dingiswayo, Zwide en Tsjaka (later ook Mzilikaze, Soshangana, Zwangendaba en Sebetwane) deur hul optrede bewerkstellig het, vir die duur van die Difaqane en tye daarna, ´n knou gekry. Deur georganiseerde moorde op stamme is die tradisionele vryheid hul ontneem. Soos in die geval van die Bakwêna en Bahurutse het Mzilikaze die stamowerheid geëlimineer deur alle ouer volwassenes te dood en die jonger geslag te dwing om by sy stamgeledere te assimileer.

Die derde kategorie kan onderverdeel word in selfverdediging en voedselverkryging.

- Geen stam of volk met selfrespek sal normaalweg toelaat dat sy reg op voortbestaan, sy grondgebied en eiendom na willekeur bedreig of in gevaar gestel word nie. Volgens die volkeregbeginsel is daardie volk geregtig om homself en sy besittings te verdedig met alle middele tot sy beskikking. Dog baie groepe het besluit om sonder verlies aan lewens eerder hul veiligheid te soek as om hul kommunale grond as ekonomiese bate te verdedig. Aan die anderkant het stamme totaal omgekom in hul stryd teen oormagte waartydens hul die reg op oorlewing met hul eie lewens verloor het.

- Baie van die groter groepe, gestroop van alle lewensmiddele, op soek na ´n ander heenkome, en grond, waar hul akkerbou kan beoefen vir ´n lewenstog, het vir die eerste fase van die Difaqane stamme aangeval met die uitsluitlike doel om voedsel in die vorm van graan, vleis of melk te bekom. Die vraag is egter waarom dan daarna vernietig, verdelg en tot as verbrand? Die antwoord - omdat ´n vernederde vyand agter jou rug erger is as twee voor die gesig! Paniek was die angel wat die verstrooiing veroorsaak het.

Die vierde en laaste kategorie, die moorde en doodslag ter wille van bloeddorstigheid, het naas die vorige twee kategorieë, die meeste bygedra tot die verlies aan menselewens. In plaas daarvan om tot rus te kom, tot besluit te kom oor woonplek, en te ploeg en te plant, statte


en krale op te rig, het die dobbelinstink - die geloof dat ´n groter vonds of skat by die volgende stat te vinde is - die moordbendes beetgepak en voortgedryf op hul verwoestingspad. Dit het vir ´n geslag lank (ongeveer 33 jr.) ´n lewenswyse geword.

Sekonyela, Sebetwane en Moletsane se bloedspoor is op die grond gemerk deur die skelette van mense, verskeur en kaalgestroop deur roofdiere. In die lug is die skaduwee daarvan geëts deur kringende aasvoëls. Rook van verbrande statte het dik in die lug gehang, en die toekoms het die afsku gesien van ´n nageslag wat ouerloos, leierloos en ankerloos gelaat is.

6.4.5 Onderlinge wantroue

Die politieke organisasie van die Tswana moet in breë trekke vasgestel word om die wantroue wat onderling ontstaan het, tydens en na die Difaqane, in die regte perspektief te evalueer.

Die historiese verdeling van die stamme is in ´n groot mate vroeër in die studie uiteengesit. Om egter die volledige historiese lyn en perspektief te sien, word slegs die breë boomdiagram hier uitgebeeld.




(Maritz, 1976:208 - 210)

Uit die twee Batswana-hoofstrome het fissie van die Batswana gevolg, wat ´n menigte stamme en sub-stamme tot gevolg gehad het.

Die politieke ordening, as naelstring waarmee hierdie stamme aanmekaar verbind is, loop altyd in orde van senioriteit tot by die mees senior stam. Dit dien daarop gelet te word dat elke stam sy outonomie, ten spyte van die erkenning van senioriteit in stamhiërargie gehandhaaf het. (Schapera, 1984:36/7.)

Die senioriteit by die Bahurutshe sien soos volg daar uit:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Eerste. | Bahurutshe | boo Manyane | - Stam van Pres. L. Mangope |
| Tweede. | " | ba ga Suping | |
| Derde. | " | ba ga Lentswe | |
| Vierde | " | ba ga Gopane | |
| Vyfde | " | ba ga Moilwa | |
| Sesde | " | boo Mokgatla | |
| Sewende | " | ba ga Motlware | |
| Agste | " | ba ga Lotlware | |
| Negende | " | ba ga Thokwane | |

(Maritz, 1976:242b).

Dit is slegs in enkele gevalle dat senioriteit nog ´n rol speel by rituele geleenthede soos byvoorbeeld die fees van die eerste vrugte, die kastrering van die bulle, die inisiasieseremonies en die "tsolo" (jag - wat nie ritueel van aard is nie). (Van der Wateren, 1974:123.)

Die stamstruktuur, binne die politieke verband, en die samestelling daarvan geskied nie op demokratiese wyse nie. Soos wat die hoofman vanuit geboorte geregtig is op sy posisie, skaal dit af tot by die gesinshoof wat vanuit die patriargale sisteem geregtig is op posisie binne die gesinsverband. (Schapera, 1984:37.)

Aan die hoof van ´n stam staan die Kaptein (Kgosi e twetswe kgosi - ´n Kaptein is gebore Kaptein). Hy word bygestaan deur die "Letsogo la kgosi" (Arm van die Kaptein) as raadgewer, wat gewoonlik sy "malome" - oom aan moederskant is. Verder het die Kaptein ´n Kapteinsraad, wat onder die gesag van die "Rra-ngwane" (jonger broer van Kaptein se vader) die Kaptein kon bystaan in die besluitnemingsproses. Hierdie Kapteinsraad, wat bestaan uit die senior manlike lede uit die Kapteinshuis, moet nie verwar word met die Stamraad nie. Die hoofmanne is uitsluitlik ´n intieme groep raadgewers, let wel, wat ook die reg het om die Kaptein, in die geheim te bestraf. (Schapera, 1984:53.) Kommunalisme in die organisatoriese struktuur in sy engste vorm, naamlik dat elke lid van ´n stam direkte verteenwoordiging deur bande van bloed in die besluitnemingsproses het, geld by die Tswana in besonder.

Die besluitnemingsvergadering van die Batswana, die "Kgotla", word saamgestel uit die manlike senior wykshoofmanne (bloedlyn binne die families wat die wyk uitmaak). Besluitneming oor sake wat die totale stam raak, word hier geneem. Die "Kgotla" tree ook op as appelhof met die Stamkaptein as regter. Beslissings, uitsprake en besluite wat deur die "Kgotla" gevel word, is bindend en word sonder meer deur die stam aanvaar. Wyks- en familievergaderings (Pitsô) word beskou as laerhowe en laerhuise, waar beslissings, wat op die wyke betrekking het, gevel word. (Schapera, 1984:53/4.)

Binne die "Kgotla" is besluite geneem soos die verklaring van oorlog, die strooftogte op vee, die aanwys van die senior vrou van die kaptein, en die beslissings ten opsigte van erfopvolging na die dood van ´n kaptein.

Die "Kgotla", waar elke verteenwoordiger die reg op vrye oordeel in rangorde van senioriteit het, is in baie gevalle die plek waar stamskeurings ontkiem het nadat ´n Kaptein gesterf het. Omdat baie Kapteins nooit vooraf verklaar het wie sy senior vrou is nie (nie noodwendig volgens die chronologie van troudatums nie) het dispute na

sy dood oor senioriteit ontstaan, en is die stam verdeel volgens aanhangers van ´n sekere seun van die oorledene.

Sekonyela het die reg daartoe gehad om as Kaptein die Batlokwa-"Kgotla" se besluit om van die Vaalrivier terug te keer en tot rus te kom te veto. Dog die konsekwensie daarvan was dat hy in onguns by sy ma, Mantatese, gekom het, en soveel steun van sy stam verloor het, dat sy halfbroer, Mota, later die leierskap van die Batlokwa oorgeneem het.

Tydens die Difaqane het enkele voorbeelde van wantroue van ´n juniorstam teenoor ´n seniorstam na vore getree, wantroue wat in wese nooit herstel het nie.
Byvoorbeeld, binne Bataungverband het die Bataung ba Rramokhêle ba ga Thulwane as senior stam in twee seksies verdeel, naamlik die Kotele-seksie en Matli-afsplintering (waarvan Moletsane later die leier geword het). Die Kotele-stamgedeelte het hul net voor die Difaqane-aanvalle in die Viljoenskroondistrik bevind. Nadat Mophete, Moletsane se vader, deur sy oom en skoonvader Mokhele se raadgewer Kiritlê aangeval, sy oeste gestroop, en sy beeste geroof is, het Mophete hom tot Tau, Kaptein/Stamhoof van die senior stam gewend vir hulp. (Ellenberger & Macgregor, 1969:58.) As mees senior Kaptein was dit sy verantwoordelikheid en plig om Mophete se saak aan te hoor, uitspraak te lewer, en hom op een of ander wyse by te staan. Tau, uit vrees vir Mokhele se toordokters, lewer toe geen uitspraak nie, bied geen hulp aan nie, en het Mophete onverrigtersake huis toe gestuur.

Hierdie passiwiteit van Tau het hom die gramskap van Moletsane op die hals gehaal. Tydens die Difaqane het Moletsane al die ander Bataungstamme onder sy vleuels geneem - slegs hierdie seksie is geïgnoreer. Die gramskap het so ver gestrek dat toe Thelima, kleinseun van Tau, in 1833/34 by Moletsane kom skuiling soek teen die Matabele-bedreiging, hy summier met volgelinge en al aangeval, van sy beeste beroof, en die Vrystaatse vlaktes ingedryf is, en daar is nooit weer van hom gehoor nie. Hierdie aggressie van Moletsane is heeltemal teenstrydig teen alle normale Tswana-handelinge en gasvryheid teenoor

verwante.

Nog ´n voorbeeld van tussenstamse wantroue is dié tussen die Barolong boo Rratshidi en die Batlhaping ba Mothibi. Nadat Tawana met sy volgelinge suidwaarts gevlug het vanaf Khunwana, is hy eerstens deur die Griekwas en toe deur die Batlhaping aangeval. Hierdie laaste aanval, waartydens hy van al sy stamvee beroof is, was onnodig - gesien in die lig van die feit dat Tawana boodskappers vooruitgestuur het om skuiling by die Batlhaping te vra, en volgens alle aanduidings dit wel gekry het. Die roof van die vee is dus die grofste skending van die hoflikheidsreëls wat onder die Tswana bestaan het. Die neerslag van die wantroue word vandag nog beleef. Oesters vanaf Boetsap en Taungs wat deur Blanke boere gekry word om jaarliks met die mielieoeste te help, word deur die Swart plaasarbeiders, veral Barolongarbeiders, totaal geïgnoreer. Geen vermenging vind plaas nie. By ondersoek het Simon Setibê (1986) verklaar dat hulle (Barolong) nie ongasvrye beesrowers met gasvryheid kan ontvang nie.

Uit voorgenoemde is dit duidelik dat die letsels wat die Difaqane in Tswanagebied gelaat het, letsels van wantroue, argwaan en antagonisme, nooit werklik geheel het nie. Dit is ook duidelik dat die politieke, sosiale en ekonomiese leefwyse ´n totale verandering ondergaan het en in ´n nuwe struktuur gegiet is.

Dit is ook duidelik dat sosiale en politieke veranderings wat die Difaqane teweeggebring het, leemtes gelaat het wat met die koms van die Blanke ´n ander gedaante aangeneem het.

Die resultaat van die Difaqane-aanslag op elke lewensterrein van die Suider-Afrikaanse Bantoe, was trouens so drasties dat dit uiteindelik onmeetbaar is in terme van rasionele beoordeling.